

SAHARA-AVONTUUR REEKS
No. 13.
Bloed oor die Duine
Meiring Fouché

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Nuweling | 3 |
| 2. | Vreemde Ruiters | 12 |
| 3. | Onverwagte Besoek | 21 |
| 4. | Bloed in die Skemer | 30 |
| 5. | Géseling | 39 |
| 6. | Die Nag is 'n Vriend | 49 |
| 7. | Kok en sy Maat | 58 |
| 8. | 'n Verrassing | 68 |
| 9. | Warm Lood | 77 |
| 10. | Die dood KLop aan | 87 |




# DIE NUWELING

Manskap Gíde is 'n verveelde man. Hy is markonis van die Franse Vreemdelegioen in Dini Salam, vernaamste voorpos in die suidelike gedeelte van die Sahara. Die hele middag al sit hy hier in benoude ou radiovertrekke en vlieë klap en sweet afvee. Sedert vanoggendvroeg het hy nog nie weer 'n boodskap gestuur of ontvang nie. Toe het hy die boodskap van kol. Le Clerq, bevelvoerder van Dini Salam, deurgesien na die hoofkwartier in Algiers. Dit was 'n kort boodskap, weinig meer as 'n roetineboodskap. Al wat daarin snaaks was, was dat Le Clerq die opperbevel meegedeel het dat 'n roetinepatrollie nog nie teruggekeer het nie en dat dit al twee dae oor die tyd is.

Maar dit vind markonis Gíde glad nie snaaks nie aangesien dit seker nie die eerste keer is dat 'n patrollie laat uit die Sahara terugkeer nie. Dit is vir hom net so min snaaks as die ellendige woestynvlieë wat hier om sy gesig dwarrel.

Hy het al 'n paar maal verskillende golflengtes probeer en bietjie geluister na die gebabbel van amateur-radiografiste wat oor alles en nog wat gesels. Hy gee 'n lang gaap en steek sy hand uit en begin aan 'n swart knoppie draai. Hy gaan weer bietjie luister wat die amateurs te sê het. Dalk sê hulle iets oor Algiers.

Algiers . . . Wanneer kom hy weer in daardie heerlike stad. Hy dink aan die ligblonde Franse nooientjie wat hy raakgeloop het toe hy laas daar op verlof was. Sy hand raak sommer stil hier aan die swart radioknoppe toe hy aan haar dink. Daardie oë! Daardie middeltjie! Daardie heupe. . . en daardie bekkie! Gíde word koud en dan weer warm terwyl hy aan haar dink. Hy sluit sy oë en reken uit wanneer hy weer verlof sal kry. Nog 'n volle nege langé maande! Gits, teen hy weer daar aankom, het sy hom dalk al vergeet.

Die radio-ontvangstel kras en knars onder Gíde se vingers. Hy draai die knoppie stadig, wesenloos. Hy is so versonke in die herinnering aan hierdie pragtige dingetjie saam met wie hy so 'n paar heerlike aande in die boulevards en restaurants van Algiers deurgebring het, dat hy aanvanklik nie hoor wat oor die radio na

hom toe kom nie.

Hy gaap weer 'n lang gaap, maar toe skiet sy beswete kop vorentoe, sy oë word nou en hy draai krampagtig aan die knoppie om beter te probeer hoor.

Oor die warm Sahara-lug is iemand besig om 'n boodskap uit te stuur—'n dringende, beangste boodskap. . .

Gíde kruip amper onder die toestel in, stel-stel gedurig om die klank beter te probeer kry en nou het hy heeltemal vergeet van die vlieë wat op sy beswete wange saampak.

,,*Attention. . . Attention. . . Attention,*" kom die verskrikte stem sag en knarsend oor die eter. ,,Hierdie is oliekamp D. . . Hierdie is oliekamp D. . . Ons word deur onbekendes aangeval. Ons word deur onbekendes aangeval. . . Meer as die helfte van die kamp reeds uitgeroei. . ."

Gíde ruk sy potlood en aantekeningboek nader, skryf koorsagtig die woorde neer.

,,. . .*Attention*. . .Oliekamp D word deur onbekendes aangeval... Kan dit nie verstaan nie. Hulle dra die uniforms van die Vreemdelegioen. . . Hulle. . ."

Gíde stel krampagtig aan die ontvangtoestel, draai die knoppie heen en weer. Maar daardie stem is stil. Daar is nie 'n geluid meer nie.

Meteens is dit asof Gíde weet dat niks meer gesê sal word nie. Hy skryf die boodskap haastig neer en hy spring so vinnig na die deur van sy radiokamertjie dat hy bo-oor 'n stoel val.

In die lang badkamer van die vesting Dini Salam staan Teuns Stegmann, die lang, blonde Suid-Afrikaner, proesend onder die lou stortwater. Die manne was die hele middag in die binneplaas van die vesting aan oefen en dit het gevoel asof die Saharason hulle gaan doodbrand. Daarom is hierdie water so verkwikkend.

,,Hierdie Catroux maak ons nog dood," sug Teuns hier onder die stortwater. ,,Drie uur aanmekaar se oefening op 'n middag soos hierdie. Die man is besig om kinds te word."

,,Hy wil maar net goeie soldate van ons maak, *mon ami,*" sê die Duitser en knipoog vir Teuns wat nou ook staan en afdroog.

Hulle swyg meteens. 'n Kolossale donker soldaat, sy gitswart





hare glimmend van die water, kom by hulle verbygestap. Fritz pomp vir Teuns in die sy met die elmboog. ,,Wat dink jy van hierdie nuwe krefie?" vra Fritz. ,,Wat is hy altyd so eenkant soos 'n eenhoringbul?"

,,Ek verstaan hy is 'n markonis," antwoord Teuns. ,,Metaxas—so voer hy glo die van."

,,Dan behoort hy aan die wyse Griekse volk, nie waar nie?" sê-vra Fritz terwyl hy die handdoek oor sy breë skouers trek.

,,Hy's net so min 'n Griek as wat ék een is," sê Teuns en kyk die groot donker man agterna. Hy sien hoedat Fritz vraend na hom kyk. ,,Daardie kalant sal beter pas op die Russiese steppe as in die heuwels van Griekeland," sê Teuns.

,,Waarom sê jy dit?"

,,Omdat ek so 'n gevoel het."

,,Dink jy hy steek iets weg?"

,,Ek dink hy steek meer weg as wat ons ons verbeel. . ."

,,Ons sal gou sien," antwoord Fritz vinnig. Hy fluit. ,,Hier. . . Metaxas," roep die groot Duitser. En toe die donker soldaat omkyk, wink Fritz hom nader. Metaxas het al sy broek aan. Hy draai hom half om en hy kyk onderlangs na Teuns en Fritz. Hy gluur hulle aan met sy gitswart oë, en daardie digte wenkbroue is fronsend saamgeplooi.

,,Kom hier, Metaxas," gelas Fritz. ,,Ons wil met jou praat."

,,Ek sien geen rangtekens aan jou nie," antwoord Metaxas stuurs. ,,Of het jy hulle ingesluk?"

,,Nogal parmantig ook," werp Petacci in, die klein Italianertjie wat hier by Teuns en Fritz staan en rondwals soos hy probeer om sy broek oor sy nat bene getrek te kry.

,,Rang of nie rang nie, kom hier!" beveel Teuns.

,,Ek het net een rang en dit is dat ek die beste vuisslaner in die Vreemdelegioen is," bulder Fritz Mundt. ,,Kom hier, voordat ons jou omkeer soos 'n vetderm."

Metaxas kom stadig teruggestap en sy spiere roer en bewe soos hy beweeg. Sy bors is kragtig en breed, maar sy heupe en bene is besonder fyn vir so 'n groot man.

,,Julle sal moet wakker loop vir daardie perd," waarsku die Pool Podolski wat hier by die ander kom staan het. Jack Ritchie, die Engelse lid van hierdie groepie manskappe wat altyd bymekaar is,

staan ook nader, sowel as van die ander manne wat belangstel in wat hier gaan gebeur.

Metaxas kom staan vlakvoor Teuns, sy hande op sy sye gedruk, sy oë baie nou en deurpriemend.

,,Jy matig jou baie aan, ou duisman,'' sê Metaxas op gebroke Frans. ,,Ek hou nie baie daarvan om rondgeorder te word nie. Veral nie op 'n warm middag soos hierdie nie.''

In die donker oë van die man gloei daar 'n verbasende en dreigende woede. Sy groot kake roer stadig en sy vuiste tril effens op sy sye.

Teuns vee met die handdoek oor sy ken, glimlag uit die hoogte vir die man wat blykbaar so sonder rede so woedend geword het. ,,Jy is gou op jou perdjie, ou swarte,'' sê Teuns tergend. ,,Waar het jy die kort humeur geërf?''

,,Jy moet jou woorde tel,'' dreig Metaxas. ,,Jou soort druk ek in 'n visblik en sit die deksel op.''

,,En hierdie lang man slaan jou dat jou bakkies agterstevoor sit,'' deel Fritz Mundt die donker vent mee.

,,Waarom probeer jy nie?'' verneem Metaxas. ,,Daar's niks wat hom keer nie.''

,,Ons het nou net gebad,'' piep Petacci hier van eenkant af. ,,Ons wil nie graag nou weer besmeer raak nie.''

Metaxas kyk nie eens na die klein Italianertjie nie. Hy gluur net vir Teuns aan. ,,Wat is dit wat jy wil weet?'' vra hy bars vir die Suid-Afrikaner. ,,Vir wat het jy my hierheen teruggeroep?''

,,Jy is danig grootman vir 'n nuweling in Dini Salam,'' antwoord die Suid-Afrikaner. ,,In elk geval, ek wou jou net sê ek dink jy is net so min Metaxas as wat ek Metaxas is. Ek dink as jy gesê het jy is Boelganin, dan was jy nader aan die waarheid. Jy sien, ons dink jy is nie 'n Griek nie, maar 'n Rus en ons hou nie van manne wat voorgee om te wees wat hulle nie is nie.''

Teuns besef goed dat hy sommer staan en bog praat, maar vandat hierdie nuweling twee weke gelede saam met versterkings vir die garnisoen hier aangekom het, interesseer hy die ander manne en omdat hy hom altyd so eenkant hou, het hulle nog altyd gewonder wie en wat hy is. Dit is daarom dat hulle hom nou hier so staan en uitdaag.

Metaxas se twee oë lyk soos vurige kole.





Sy swart vuis skiet so vinnig uit dat dit almal geskok en verbaas laat. Die hou tref die niksvermoedende Teuns op die kennebak en slinger hom agteroor en agteruit sodat hy met 'n harde klap van sy kop teen die muur van die badvertrek aan val.

Fritz Mundt wil Metaxas sommer byloop, maar die stem van die Suid-Afrikaner weerhou hom. ,,Wag,'' roep Teuns. ,,Laat hom aan my oor. Hierdie geskilletjie is tussen my en Boelganin. . .''

Teuns staan stadig op en nog bietjie onvas op sy voete stap hy terug na waar Metaxas doodgerus staan, bietjie vooroor, sy vuiste half gesluit.

,,Jy slaan maklik, nie waar nie, Boelganin,'' sê Teuns uitdagend. ,,En jy slaan wanneer 'n ander man dit nie verwag nie, nè?'' Hy stoot sy vuis oor sy mond. ,,Nou moet jy jou reg hou, Metaxas. . . ek gaan jou tussen jou oë slaan en ek waarsku jou vooraf, maar hierdie sal die eerste en die enigste keer wees dat ek jou sal waarsku.''

Teuns spring nader, mik met die linkerhand laag en toe Metaxas onwillekeurig sy vuiste laat sak, tref Teuns se regtervuis hom met 'n harde klap tussen die oë sodat hy van die moordende hou agteruit steier. En nog voordat Metaxas kan herstel, tref Teuns hom met 'n kort linker- en 'n kort regterhaakhou. Metaxas se swaar kop ruk heen en weer en hy probeer koorsagtig keer, maar die Suid-Afrikaner dryf hom met onverbiddelike, swaaiende vuiste tussen die manne deur tot teen die muur.

Maar Metaxas bly op sy voete. Die manne wat al baie van hierdie soort gevegte aanskou het, weet meteens dat hy nie 'n kat is om sonder handskoene aan te pak nie. Hy buk meteens laag onder Teuns se swaaiende vuiste deur, gryp die lang man om die middel en die volgende oomblik slinger hy Teuns soos 'n sak aartappels oor sy skouer sodat die Suid-Afrikaner met 'n hik tussen die manne grond vat. En nog voordat Teuns tot verhaal gekom het, vlieg Metaxas soos 'n swaar luiperd deur die lug. Teuns vang hom met die voete en skop hom skuins weg.

Voordat Metaxas weer kan skop, blaas 'n fluitjie skril en sowel Teuns as Metaxas is dadelik op hul voete en die bakleiery is vergete.

,,Wat se bogtery is hier aan die gang?'' Dit is die bulderende stem van sersant Zhakof.

,,Hulle het net 'n bietjie gestoei, Sersant,'' sê Jack Ritchie en beduie na Teuns en Metaxas.

,,Hierdie is geen tyd vir stoeiery nie,'' bulder die rooiharige Russiese sersant. ,,Maak dat julle hier uitkom, jul kruipende gediertes, of ek sal julle 'n stoeilessie of twee gee.''

,,Ons sal mekaar weer sien, Boelganin, alias Metaxas,'' sê Teuns vir die nuweling toe Zhakof sy rug draai en uitstap. Metaxas antwoord nie. Gryp net sy handdoek van die vloer af op en stap terug na die slaapsaal.

,,Dink jy werklik hy is 'n Rus?'' vra Fritz toe Metaxas vort is.

,,Ek weet nie wat hy is nie,'' antwoord Teuns. ,,Maar 'n Griek is hy nie. En ek hou nie van sy oë en van sy gedrag nie. Ek dink hy is 'n skelm. . . Ek dink hy is die onbetroubaarheid self.''

,,Ons gaan hom voortaan Boelganin noem,'' doen Podolski aan die hand en hierdie voorstel vind dadelik byval onder die manne wat daar rond staan.

Markonis Gíde salueer flink en steek die papiertjie na kol. Le Clerq uit.

Le Clerq, die bejaarde en moeë bevelhebber van Dini Salam wat al amper sy hele lewe in die Vreemdelegioen deurgebring het, lees die boodskap stadig. Toe lees hy dit weer. . . kyk na kaptein D'Arlan, die senior offisier net onder hom, en lees dit toe weer.

,,Mon Dieu, D'Arlan,'' sê Le Clerq eindelik en steek die papier vinnig na D'Arlan uit wat daar staan, ,,lees bietjie daar. Blykbaar is die duiwel weer los in die woestyn.''

D'Arlan, die klein, blas dapper kaptein van die Legioen, lees die boodskap net een maal, toe gee hy die papiertjie aan Le Clerq terug.

,,Wat dink jy daarvan, *mon capitaine?*'' vra Le Clerq ongeduldig.

,,Ek weet nie wat om te dink nie, *mon colonel,*'' antwoord D'Arlan eerlik en Le Clerq snork afkeurend. ,,Wie sou nou 'n oliekamp wil aanval? Al wat daar gebeur, is dat vir olie geboor word. En wie sal hierdie manne wees wat in die uniforms van die Legioen aanval?''

,,Die gode alleen weet,'' antwoord Le Clerq. ,,Al wat ek weet, is dat hierdie weer vir my grys hare gaan beteken.'' Hy staan vinnig op, stap na die muur en rol die groot landkaart van die Sahara af.





,,Oliekamp D,'' sê Le Clerq terwyl sy voorvinger soekend oor die landkaart beweeg. ,,Dit is sowat 'n honderd en vyftig kilometer ooswaarts van Dini Salam, nie waar nie?''

,,Dit is korrek, *mon colonel,*'' sê D'Arlan en lê meteens sy lang skraal vinger op die plek waar 'n Franse maatskappy in die verlate Sahara na olie soek.

Le Clerq draai om. ,,Dit kan nie Arabiere wees nie. Hulle sal nie so ver ooswaarts aanval nie.''

,,Dit is korrek,'' beaam D'Arlan. ,,Buitendien sal Arabiere nie lig in die uniforms van die Legioen rondflenter nie. Daarvoor is hulle te trots en daarvoor haat hulle daardie mondering eens te veel.''

,,Nou wie kan dit wees?'' verneem Le Clerq hard en moedeloos. Gaan val in sy stoel neer. ,,Dit kan tog nie die duiwel wees nie.''

,,Ek het nie die minste benul nie, *mon colonel,*'' sê D'Arlan en kom staan weer hier langs die skryftafel. ,,Blykbaar moet dit dan blankes wees as hulle die uniforms van die Legioen aanhet.''

,,Watter blankes sal só dol wees?''

,,So ver ek weet, het daar nie onlangs manne uit die strafbataljon ontsnap nie.''

,,Vir wat sal hulle 'n oliekamp gaan aanval?'' beveel Le Clerq. Gíde staan nader met sy aantekeningboekie.

,,Oliekamp D deur onbekende rampokkers aangeval,'' sê Le Clerq voor terwyl Gíde vinnig skryf. ,,Ek stuur patrollie om te gaan ondersoek instel. Aard en sterkte van aanvallers heeltemal onbekend. . .''

Gíde salueer en stap vinnig uit. Le Clerq ruk 'n bottel konjak uit die laai en gooi dit voor sy mond soos hy maar altyd maak wanneer 'n krisis hom tref.

,,'n Patrollie,'' sug hy. ,,Hoe moet ek weet hoe groot die patrollie moet wees? As daardie markonis by die oliekamp net meer besonderhede kon gegee het, maar blykbaar het hulle hom doodgemaak voordat hy die boodskap kon voltooi.''

,,Gee my vyftig man en ek sal gaan ondersoek instel, *mon colonel,*'' sê D'Arlan versigtig want hy ken hierdie meerdere van hom se humeur.

Sy versigtigheid help egter nie. ,,Gevaar. . . gevaar!'' bulder Le Clerq. ,,Ek kan nie sommer holderstebolder dinge doen net omdat

ander oliekampe dalk in gevaar verkeer nie.'' Hy sluk weer 'n teug uit die fles. Toe sak hy sugtend agteroor in sy stoel. ,,'n Opwindende dag,'' sê Le Clerq. ,,Eers moet ek feitlik onherroeplik tot die gevolgtrekking kom dat Renner se patrollie verlore is en dan kom hierdie boodskap oor 'n klomp onbekende rampokkers wat in my gebied van die Sahara amok maak. En hier sit ek met 'n kaptein wat my nie kan sê wat wat is nie.''

,,Ek is nog nie alwetend nie, *mon officier,*'' antwoord D'Arlan ligweg en net 'n bietjie tergend. Dit laat Le Clerq glimlag.

*Mon ami,*'' sê Le Clerq, ,,ek dink ons twee gaan eerlank uitvind watter duiwel weer in die woestyn los is, nie waar nie?''

,,Daarvan is ek seker, *mon colonel,*'' antwoord die tenger kaptein wat al die bynaam van Houdini van die Sahara gekry het vanweë sy ongelooflike prestasies in die stryd teen opstandige Arabierse rebelle. ,,Ek sê nog, gee my vyftig man sodat ek dadelik ondersoek kan gaan instel.''

,,D'Arlan,'' s Le Clerq hard en verontwaardig, slaan op die tafel met sy vuis.

Maar hy kom nie verder nie, want die deur spring oop, die ordonnans spring op aandag en kondig aan dat Abdoel Hassan daar is om die kolonel te spreek.

,,Laat hom binnekom,'' beveel Le Clerq. Hy en D'Arlan kyk vinnig na mekaar.

Hassan. . . die karavaandrywer. Hulle ken hom beide as 'n lojale, maar geslepe Arabier wat net vir een ding lewe en dit is geld. Maar ook 'n man wat in die verlede al baie waardevolle inligting verskaf het.

Abdoel Hassan kom vinnig binne, gaan steek vas en salueer op sy manier. Le Clerq salueer afgetrokke terug want hul aandag word gevange gehou deur die suikersakkie wat Hassan in sy hand het.

,,Ja, Hassan?'' verneem Le Clerq.

,,Ek het inligting, *mon colonel,*'' antwoord Hassan en kyk betekenisvol na die suikersakkie.

,,'n Honderd franc,'' sê Le Clerq omdat hy al goed weet dat Hassan eers wil geld maak voordat hy inligting verskaf.

,,Miskien tweehonderd franc, *mon colonel,*'' sê die Arabier. ,,Dit is wat die inligting werd is. . .''





,,Tweehonderd,'' stel Le Clerq in want hy weet al so goed dat hy moet afsit met die helfte van die bedrag wat hy uiteindelik sal betaal.

,,*Merci, mon colonel,*'' sê Hassan in vlot Frans. Hy staan nader. ,,Ek het hierdie in die woestyn gevind. . . bietjie meer as 100 kilometer ten ooste van Dini Salam. . . by die wadi Krasar. . .''

Hassan keer die inhoud van die suikersakkie op die skryftafel uit.

Met 'n uitroep spring Le Clerq uit sy stoel op.

Daar voor hulle op die blink blad van die skryftafel lê elf wit kepi's van die Franse Vreemdelegioen. . .

## VREEMDE RUITERS

Le Clerq en D'Arlan is so geskok deur die gesig van die elf wit kepi's dat hulle aanvanklik nie 'n woord kan uitkry nie. Hulle raak dit met hul hande aan, kyk na die bloed daaraan en dan kyk hulle wesenloos na mekaar.

Dit is Hassan wat die eerste praat. ,,Hierdie manne is byna almal deur die koppe geskiet, *mon colonel,*" deel die Arabier mee. ,,Hulle is almal op 'n bondel doodgeskiet onder in die wadi. Alles is so daar gelaat, behalwe die wapens. Dié is àlles verwyder—die wapens en die waterflesse."

Le Clerq kyk lank en deurdringend na die ouerige Arabier met die wit pêrel op die regteroog. ,,Is dit ál wat jy daar waargeneem het, Hassan?" vra die kolonel eindelik. ,,Dink goed na, Hassan. Is dit die enigste wat jy daar gesien het?"

Abdoel Hassan laat sak sy grys kop, staan diep in gedagte daar. ,,Die enigste wat ek nog daar gesien het, is die perdespore, *mon colonel*. . . Net die perdespore. Dit is ál. Niks meer nie."

,,Perdespore?" vra D'Arlan en staan nader.

,,Daar was baie perde, *mon capitaine,*" antwoord die Arabier.

,,Hoeveel?" vra D'Arlan dringend.

,,Moeilik om te sê, *mon ami,*" antwoord die Arabier familiêr. ,,Die sand is baie los daar. As ek moet skat, sou ek sê daar was nie minder as honderd perde nie."

,,Honderd ruiters," sê Le Clerq verbaas. ,,Arabiere?"

Hassan skud sy kop vinnig en in sy oë is die geheimnisvolle lig wat die Arabier ken wanneer 'n saak te doen het met sy ingebore kennis van die woestyn en sy inwoners. ,,Nee, dit was nie Arabiere nie," antwoord hy sonder die minste aarseling.

,,Waarom sê jy dit?" vra D'Arlan vinnig.

,,As die Legioenmanne deur Arabiere aangeval was, sou hulle nie almal op 'n hoop gesterf het nie. Dan sou die meeste van hulle nie kopskote gekry het nie. Hierdie Legioenmanne het nie geweet wat om te verwag nie. Hulle was bymekaar toe hulle geskiet is en dit is vir my duidelik dat daar geen geveg was nie. . ."

,,Jy behoort 'n veldheer in die Vreemdelegioen te gewees het,





Hassan," sê Le Clerq en kyk waarderend na die bejaarde Arabier. ,,Ek dink jou afleidings is honderd persent korrek. Maar hoe dink jy, wie het hierdie manne so koelbloedig doodgeskiet?"

,,Blankes," antwoord Hassan en dit lyk asof die vraag hom oneindig bevrediging verskaf.

,,Waarheen lei die perdespore van hiedie plek af?" vra D'Arlan meteens.

,,Suidooswaarts, *mon capitaine*. Reguit suidooswaarts, so reguit soos die vlug van 'n heuningby. . ."

,,Dit is reguit in die rigting van oliekamp C," sê D'Arlan vinnig, drafstap na die landkaart teen die muur en soek gou daar na plekke. Wat hy vind, bevestig sy vermoede. Die oliekamp C lê reg ten suidweste van die oliekamp D wat blykbaar uitgemoor is.

,,Dankie vir hierdie waardevolle inligting, Abdoel Hassan," sê Le Clerq, gaan sit en skryf 'n opdrag uit. ,,Gaan gee hierdie briefie aan die betaalmeester van die vesting en hy sal jou die tweehonderd franc betaal," sê die kolonel. Hassan neem die briefie, buig laag, salueer op sy manier en toe draai hy om en stap uit.

Le Clerq staar met 'n vreemde weemoed na die elf *kepi's* op die skryftafel. ,,Dan het Renner en al sy manne die hoogste prys vir die Vreemdelegioen betaal," sê Le Clerq sag.

,,Ons sal hulle wreek," sê D'Arlan bitter en kom teruggestap. ,,*Mon colonel,*" ek wil dadelik vertrek. Sal u my vyftig man gee?"

,,Eers wil ek oliekamp C laat waarsku," sê Le Clerq en druk die klokkie op sy lessenaar. Die ordonnans verskyn dadelik by die deur. Le Clerq skryf vinnig 'n boodskap uit:

,,Le Clerq, Dini Salam aan hoofingenieur oliekamp C—geheimsinnige bende rampokkers beweeg deur die woestyn. Tref reëlings vir verdediging. Afdeling van legioen op pad om hulp te kom verleen. Onbekende aanvallers op pad na kamp C. *Vive la France*. . . Le Clerq, kolonel."

Die ordonnans salueer, gryp die briefie en draf uit. ,,Môre sal ek al die ander oliekampe ook waarsku. Soek vir jou onmiddellik vyftig man uit, D'Arlan," sê Le Clerq ,,en gaan vind uit wie die duiwel hierdie verwoestingswerk in die woestyn aanrig. Tree in radioverbinding met my sodra jy kamp C bereik het. Vat genoeg snelgewere saam om jou manne deeglik te beskerm. Jy sal teen